HOF HOOR TIMOL SE PLAN KON LEI TOT . . .

MASSAMOORD

DIE TRANSVALER, DINSDAG 25 APRIL 1972



- 13 -

10 AUGUSTUS 1970.

My dearest Ahmed,

Paul has asked me to let you know that he and Mary have broken up - she has gone to live with Alan. As you can imagine he has taken a terrible knock and is quite shattered by events. It really is too bad - his wife and his best friend.

He is too upset to write to anyone at present and we are all trying to give him support and succour. I know how much he would appreciate a letter from you at this time - even just to know that his friends are all standing by him.

He can't even imagine, when or how it all began. They say the partner is always the last to know. Not that any of us really noticed it happening - what a sorry mess. I think she has made a terrible mistake, but that is life, I guess.

I am rushing off to the theatre and want to post this on my way.

Regards to all,

Stephanie.

KODESKRIF : KEERKANT VAN BRIEF :

5/10/7/70.

Under separate cover you will receive a "present" containing 1,000 leaflets. Please post on or after 13th August even if there has already been publicity about propaganda drive.

The "present" also contains a letter to cover you if the parcel is opened, etc.

The present is a box of fortnum and manson's darjeeling tea.

ENDS.

AHMED TIMOL, die Indiër wat hom doodgeval het uit die tiende verdieping van John Vorsterplein in Johannesburg, was saam met sy trawante besig met 'n veldtog wat kon lei tot massamoord en sabotasie in Suid-Afrika.

Bloed maak sy briewe leesbaar

Deur Ona Lombard

BESONDERHEDE oor geheime kodes vir die hoofselle (van die Kommunisteparty in Suid-Afrika) asook vir sub-eenhede van die party is met onsigbare ink op die agterkant van „onskuldige briewe" uit Londen aan Timol gestuur.

Verskeie van die briewe wat deur 'n geheime metode leesbaar gemaak is, is by die hof ingedien vir die geregtelike ondersoek na Timol se dood.

'n Streng instruksie i.v.m. die kodes aan hoofselle, is dat lede die kodes moet memoriseer en dan onmiddellik moet vernietig.

'n Voorbeeld van die briewe wat Timol van die Kommunisteparty in Londen ontvang het, word op die foto hiernaas getoon. Die eerste gedeelte: „My dearest Ahmed, Paul has asked me to let you know . . ." en wat daarop volg, is in gewone leesbare skrif geskryf.

In al die briewe handel die leesbare gedeeltes oor gewone, gemeenplasige onderwerpe soos die weer, toestande van strate in Londen en ander dinge. Op die agterkant van die briefbladsye was die instruksies en boodskappe aan Timol in 'n geheime, onsigbare skrif wat alleen uitgebring kon word deur 'n ander geheime metode.

Bloed en gedistilleerde water moes o.m. gebruik word en dan eers was die boodskap sigbaar soos in die onderste gedeelte van ons foto gesien kan word. (Die foto is van 'n afskrif van 'n oorspronklike brief).

Timol's rol

lepel hidrokina wat in 'n desertlepel gedistilleerde water opgelos word. 'n Houtpen moet gebruik word om drukletters in afwaartse strepe te maak.

Oor Timol se planne met 'n studenteblad (die naam word nie genoem nie) word gesê dat dit die begin van 'n partyorgaan kan wees.

● Vervolg op bl. 5, Kolom 2

Hierdie getuienis is gister in die streekhof in Johannesburg gelewer deur lt.-kol. W. P. van Wyk van die Veiligheidspolisie. Dit was by die geregtelike ondersoek na Timol se dood.

Laasgenoemde is verlede jaar in 'n padblokkade by Johannesburg deur die polisie aangekeer. Dit was die begin van polisie-optrede wat gelei het tot die inhegtenisneming en aanhouding van talle mense in die Republiek. (Berig op bladsy 5).

In gister se hofverrigtinge het dit onder meer aan die lig gekom:

● Dat Timol leier was van een van die hoofselle van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party wat nou sy hoofkantoor in Londen het.

● Geheime briewe in onsigbare ink is uit Londen aan Timol geskryf. Dit was op die agterkant van briewe wat gehandel het oor koeltjies en kalfies.

● Met 'n paar druppels bloed en gedistilleerde water is die onsigbare boodskappe sigbaar gemaak.

● Timol het aan kol. Van Wyk in die loop van ondervraging gesê dat hy weet dat hy 20 tot 25 jaar tronk toe kan gaan, dat sy opdrag was om die dokumente wat by hom gevind is (tydens die padblokkade) te vernietig. Baie gesinne en mense sou ly omdat hy nie sy instruksies uitgevoer het nie.

Kol. Van Wyk het getuig dat hy om 2.30 vm. op 23 Oktober na Johan Vorsterplein ontbied is. Twee polisiemanne was by Timol in 'n kantoor op die negende verdieping.

Mnr. P. A. Kotzé, die assistent senior aanklaer van Johannesburg, en mnr. A. Beukes tree namens die Staat op. Mnr. I. A. Maisels, S.C., bygestaan deur mnr. G. Bizos (in opdrag van Kachalia en Loonat) tree namens die Timol-gesin op. Mnr. S. A. Cilliers (in opdrag van die staatsprokureur) tree namens die Polisie op.

Hy het dokumente wat in Timol se besit gevind is, nagegaan. Timol het gesit en getuie het hom gevra om alles oor homself en wat hy weet van die saak, uit te tik. Hy het gesien die saak sal groot wees en het 'n kaptein Van Niekerk van Pretoria laat kom om te help. Hyself was tot laat die middag besig met die ondersoek.

● Vervolg op bl. 5, Kolom 1

.pport and succour. I
:e a letter from you
, that his friends

ı or how it all began.
the last to know. Not
t happening - what
nade a terrible mis-

eatre and want to

Stephanie.

vill receive a "present"
ease post on or after
already been publicity

ıs a letter to cover
:c.
ortnum and manson's

Sy briewe leesbaar

Deur Ona Lombard

Timoli's role

BESONDERHEDE oor geheime kodes vir die hoofselle (van die Kommunisteparty in Suid-Afrika) asook vir sub-eenhede van die party is met onsigbare ink op die agterkant van „onskuldige briewe" uit Londen aan Timol gestuur.

Verskeie van die briewe wat deur 'n geheime metode leesbaar gemaak is, is by die hof ingedien vir die geregtelike ondersoek na Timol se dood.

'n Streng instruksie i.v.m. die kodes aan hoofselle, is dat lede die kodes moet memoriseer en dan onmiddellik moet vernietig.

'n Voorbeeld van die briewe wat Timol van die Kommunisteparty in Londen ontvang het, word op die foto hiernaas getoon. Die eerste gedeelte: „My dearest Ahmed, Paul has asked me to let you know..." en wat daarop volg, is in gewone leesbare skrif geskryf.

In al die briewe handel die leesbare gedeeltes oor gewone, gemeenplasige onderwerpe soos die weer, toestande van strate in Londen en ander dinge. Op die agterkant van die briefbladsye was die instruksies en boodskappe aan Timol in 'n geheime, onsigbare skrif wat alleen uitgebring kon word deur 'n ander geheime metode.

Bloed en gedistilleerde water moes o.m. gebruik word en dan eers was die boodskap sigbaar soos in die onderste gedeelte van ons foto gesien kan word. (Die foto is van 'n afskrif van 'n oorspronklike brief).

pamphlet in tea box

BOODSKAP

In dié geval was die boodskap, wat net vir Timol se oë bedoel was, dat 'n geskenk aan hom gestuur word wat duisend pamflette bevat. Die pamflette sou verpak word in 'n doos tee.

Ander geheime boodskappe wat in die hof ingedien is, bevat gelukwensinge aan Timol met die vordering wat hy maak, „on the difficult mission which you have accepted. We are confident that you will go about them with all necessary care and that you will ensure all necessary security."

Timoli's security

Timol word gevra of 'n lys met 8 000 name uit die telefoongids kom. Hy word versoek om aan die mense in Londen 'n „skoon adres" te stuur sodat „materiaal" daarheen gepos kan word.

Meer besonderhede word i.v.m. 'n maandelikse studentenuusbrief gevra wat Timol genoem het.

'n Resep om buskruit te maak word in fyn besonderhede verstrek.

Die resep vir geheime ink word ook gegee: 'n halwe eetlepel hidrokina wat in 'n dessertlepel gedistilleerde water opgelos word. 'n Houtpen moet gebruik word om drukletters in afwaartse strepe te maak.

Oor Timol se planne met 'n studenteblad (die naam word nie genoem nie) word gesê dat dit die begin van 'n partyorgaan kan wees.

● **Vervolg op bl. 5, Kolom 2**

jaar in 'n padblokkade
hannesburg deur die
aangekeer. Dit was die
van polisie-optrede wa
het tot die inhegtenisn
en aanhouding van tall
se in die Republiek.
op bladsy 5).

In gister se hofverr
het dit onder meer aan
gekom:

● Dat Timol leier w
een van die hoofselle v
Suid-Afrikaanse Kommu
Party wat nou sy hoofl
in Londen het.

● Geheime briewe in
bare ink is uit Londen
mol geskryf. Dit was
agterkant van briewe
handel het oor koeit
kalfies.

● Met 'n paar druppel
en gedistilleerde water
onsigbare boodskappe
gemaak.